

## Internasionale voorgraadse (VG) elektiewe aanbod

Elektiewe programme vir VG internasionale studente duur tussen vier en agt weke. U kan vir een vakrigting aansoek doen óf vir twee vakrigtings van vier weke elk.

|  |   |   |   |
|--|---|---|---|
| <p><b>Anesthesiologie en Kritieke Sorg</b></p> <p><b>Chirurgiese Wetenskappe</b><br/>           Algemene Chirurgie<br/>           Chirurgie<br/>           Kardiorakale Chirurgie<br/>           Neurochirurgie<br/>           Oogheelkunde<br/>           Oor-, Neus- en Keelheelkunde<br/>           Ortopediese Chirurgie<br/>           Pediatriese Chirurgie<br/>           Plastiese en Rekonstruktiewe Urologie</p> | <p><b>Geneeskunde</b><br/>           Aansteeklike Siektes<br/>           Algemene Interne Geneeskunde<br/>           Endokrinologie<br/>           Gastroënterologie<br/>           Hematologie<br/>           Kliniese Farmakologie<br/>           Neurologie<br/>           Pulmonologie<br/>           Rumatologie</p> <p><b>Gesondheids- en Rehabilitasiestudies</b><br/>           Arbeidsterapie<br/>           Fisioterapie<br/>           Spraak-Taal- en Gehoorterapie</p> | <p><b>Globale Gesondheid</b><br/>           Epidemiologie en Biostatistiek<br/>           Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid<br/>           Menslike Voeding<br/>           Ukwanda Landelike Gesondheid</p> <p><b>Huisartskunde en Noodgeneeskunde</b><br/>           Huisartskunde en Primêre Sorg<br/>           Noodgeneeskunde</p> <p><b>Mediese Beelding en Kliniese Onkologie</b><br/>           Radiologie</p> | <p><b>Patologie</b><br/>           Anatomiese Patologie<br/>           Chemiese Patologie<br/>           Geneeskundige Mikrobiologie<br/>           Geneeskundige Virologie<br/>           Geregtelike Geneeskunde<br/>           Hematologiese Patologie</p> <p><b>Pediatrie en Kindergesondheid</b></p> <p><b>Psigiatrie/Sielkunde</b></p> <p><b>Sportwetenskap</b></p> <p><b>Verloskunde en Ginekologie</b></p> <p><b>Verpleeg- en Verloskunde</b></p> |
|--|---|---|---|

As u navrae oor aansoeke en die geskiktheidskriteria vir internasionale elektiewe programme het, kontak asseblief die TIO se voorgraadse afdeling per e-pos, of tydens **kantoorure (Maandag tot Donderdag 08:00 tot 16:30, en Vrydag 08:30 tot 16:00)** via Skype of MS Teams.

Die TIO neem elke jaar aansoeke vir die daaropvolgende jaar in. As u om 'n kliniese program wil aansoek doen, maak asseblief seker van die vereistes oor aansoeke en ondersteunende dokumente, tydlyn en sluitingsdatums by die personeel wat toelatings tot die betrokke program hanteer.

NB: Die Universiteit Stellenbosch se Covid-19-protokolle vir internasionale reis en kampuslewe geld vir 2021. Besoek asseblief die US se webblad vir die jongste reëlings oor gesondheid en veiligheid: <http://www.sun.ac.za/english/Pages/COVID-19-Coronavirus-Disease-2019.aspx>